

**22 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 84:1-13**  
**Fokusgedeelte: Psalm 84:2 (NAV)**

### **Hoe lief het ek u woning**

Psalm 84 is een van die pelgrimsliedere wat gesing is tydens die reis na die tempel in Jerusalem om die paasfees te vier. Die Christelike kerk vind daarin 'n heenwysing na 'n ander pelgrimstog, 'n reis na die nuwe Jerusalem om die bruilofsmaal van die Lam van God te vier.

Hoe bring Psalm 84 ons van die liefde en verlange na die tempel in Jerusalem na ons verlange na die bruilofsmaal van Christus in die nuwe Jerusalem?

Die Psalm is geskryf deur die Koragiete. Hulle was afstammelinge van 'n opstandige voorvader met die naam Korag (Num. 16). Toe die Here hulle daaroor straf, het die aarde geskeur en al die opstandelinge ingesluk. Hoe het dit dan gebeur dat Korag se nageslag baie later sulke aangrypende Psalms kon skryf?

Korag se kinders het nie gesterf nie, net dié van Datan en Abiram (Num. 26:1). Dalk was dit die optrede van 'n vrome moeder wat hulle respek en liefde vir die tabernakel geleer het. Later het die Koragiete drumpelwagters in die tempel geword (1 Kron. 9:19). Hulle kon hulle liefde toe uitlewe.

Tog was daar steeds 'n verlange na meer, want hoe meer jy jou oefen in liefde vir die Here se huis, hoe liewer word jy daarvoor. As drumpelwagters kon hulle net so naby kom as wat 'n gelowige maar kon, want net die priesters en Leviete kon ingaan om te gaan werk.

As drumpelwagters kon hulle egter net inkyk en dit het die verlange net nog groter gemaak. Hulle het selfs die mossies en swaeltjies, wat binne-in die Here se huis kon woon, beny. Die tempelgordyn het hulle egter uitgehou.

Hierdie verlange na meer het gebly – totdat Christus gekom het. Toe Hy sterf op Golgota, skeur die tempelgordyn (Matt. 27:51). As gevolg van sy offer het God die tempel vir gelowiges oopgemaak, om nie meer net as drumpelwagters nie, maar as sy kinders by Hom kan wees.

Daar waar gelowiges in sy Naam vergader – daar word die verlange gestil. Hoe meer ons sy huis liefhet, hoe meer sal ons daar wil vergader.

*Sing: Psalm 84:1, 2, 5*

*Ds. L van der M Vogel (Walvisbaai/Hentiesbaai)*